**12 Desember**

**Skrifgedeelte: Lukas 24:44-53**
**Fokusgedeelte: Lukas 24:49, 50**

## Vir die taak, seën (toesegging)

Kan jy dink wat die Here se opgeligte hande vir sy apostels beteken het! ’n Stewige drukkie wat sê: Ek is baie lief vir jou en wens vir jou net die beste toe?! So het die Jode die oplig van hande beleef! Hoe nodig was dit nie! Juis nou, wanneer Hy hulle liggaamlik moes verlaat terwyl so ’n groot opdrag op hulle wag! ’n Vreemde gedagte waaraan hulle nog moet gewoond raak!

As die Here sy hande oplig en seën, beteken dit baie meer as toe Hy nog liggaamlik by hulle was. Wel uit die oog, maar nie uit die hart nie, sou ons kon sê. Nou seën Hy as die opgestane en verheerlikte Here! Wat sê dit nie alles vir elke uitgestuurde kind van God nie! Ons Here Jesus Christus het oor alles die laaste sê. Aan die kruis het Hy gewen! Hy beheer en bestuur vanuit sy Hemeltroon as Wenner alles! Ook die wêreld waarbinne elke gemeente as gemeenskap van gelowiges – elke gelowige persoonlik ingesluit – geroep word om God se Koningsvlag in te plant!

Hy gee sy Heilige Gees op Pinksterdag soos Hy belowe het! Die apostels moes daarvoor in Jerusalem wag. Ook die gemeente in die 21ste eeu het hieraan deel! Vanuit Jerusalem waar hulle op daardie stadium was, moes hulle met hulle dienswerk begin! Daar waar God se uitgestuurde gemeente bly, rus Hy sy gemeente met sy Gees en Woord toe om daar met hulle roeping teenoor die wêreld te begin. Hy sal wel die pad verder aanwys. Hy trek jou met die nuwe mens en ook al die ander gawes wat jy benodig aan soos wanneer jy klere aantrek!

Die uitdagings is groot, ook vir elke gemeente vandag! Die vraag is net: Met al die krag en gawes wat Hy aan ons as sy uitgestuurdes gee, doen ons hierdie taak soos sy apostels dit met onderskeiding gedoen het?

*Sing: Skrifberyming 15-1:1-4* *Ds. SFF van der Walt (Kathu/Olifantshoek)*